

**Skriflesing:** 2 Kor 13:5-13

**Tema:** Ons is ontmasker.

Ons teksvers is 2 Korintiërs 13:5. In die Boodschap staan daar: “<sup>5</sup>Nou wil ek ernstig met julle praat: gaan kyk ’n slag deeglik na julle eie lewe. Glo julle nog? Is Christus regtig in julle?” En in vers 6 word ons opgeroep: “<sup>6</sup>plaas jul eie geloof onder die vergrootglas”

Lank voor Covid het ons reeds maskers gedra. Maar anders as Covid maskers, dra ons onsigbare maskers. Daar is baie redes vir die dra van hierdie masker, maar een van die hoofredes is dat ons wil wegkruip van God, onself en ander mense.

Die meeste van ons is goeie gawe ordentlike maskerdraende kerkmense. Maar die gebeure van die afgelope paar maande en veral verlede week se misdadige plunderveldtogte het ons maskers laat afkom. Van ons is kwaad, baie kwaad. Ander is moedeloos, teleurgesteld, negatief of bang. Ons het ernstige vrae oor ons toekoms in die land. Ek is ook aan die wonder oor watter rol ons as kerk moet speel.

Ons maskers het afgekom en ons moet dit nie weer opsit nie. Ek herhaal weer dat ek nie hier van Covid maskers nie praat nie. Ek praat van wegkruip maskers.

Ons kan in elk geval nie iets vir God wegsteek nie. Ek kan nog die gemeente of my vriende flous, selfs soms my vrou en kinders, maar verseker nie vir God nie.

Saam met Dawid bely ons in die woorde van Ps 139:1-12: “Here, U sien dwarsdeur my, U ken my. Of ek sit en of ek opstaan, U weet dit, U ken my gedagtes nog voordat hulle by my opkom. Of ek reis en of ek oorbly, U bepaal dit, U is met al my paaie goed bekend.

Daar is nog nie ’n woord op my tong nie of U, Here, weet wat dit gaan wees.

U omsluit my van alle kante, U neem my in besit. Dié wete oorweldig my, dit is te hoog vir my begrip. Waarheen sou ek gaan om u Gees te ontvlug? Waarheen sou ek vlug om aan u teenwoordigheid te ontkom?”

Saam met Dawid kom ons tot die gevolgtrekking dat dit nie moontlik is om Here te ontvlug nie. Hy is in die hemel, doderyk, ooste en weste. Vir die Here is selfs die duisternis nie donker nie en die nag so lig soos die dag. Ons kan en hoef niks vir die Here weg te steek nie.

’n Kollega in ’n vorige gemeente het vertel van ’n pa wie se seun aan kanker oorlede is. Die pa het vir hom gesê dat hy dit moeilik vind om met die Here te praat. My kollega se raad aan die pa was om die Here besig te bly en as hy so voel, met die Here te baklei. Ek dink dit was wyse raad. Ons hoef nie ons gevoelens agter ’n masker vir die Here weg te steek nie. Ons mag eerlik wees met Hom.

Maskers afhaal beteken ook dat ons eerlik moet kyk na onself. Ons moet ons lewens onder die vergrootglas plaas.

Ons sê so maklik dat ons gelowiges is, maar leef ons regtig in geloof? Wie van julle het nie getwyfel in die week wat verby is nie? Wie het nie gesukkel met negatiewe gedagtes nie. Ons mag vrae soos: “Waar is God? En as Hy in beheer is, waarom laat Hy toe dat sulke goed gebeur?” vra.

Tye soos hierdie is tye om eerlik na onself te kyk. Is Jesus Christus in ons? En as Hy in ons is, is Hy so groot dat Hy moet uitsteek uit ons lewens uit. Hy moet sigbaar wees in ons dink en doen en late. Dit sluit aan by verlede week se merk op op ons voorkop en regterhand.

As sy kinders is ons nie beter as enige ander mens nie, maar ons is anders.

Ons doen die goeie. Ons is gehoorsaam aan die Here se groot gebod van liefde. Ons het die Here, onself en ander mense lief. En ons is gehoorsaam aan die groot opdrag van die Here om te getuig.

Ons leef die waarheid. Dit is in hierdie dae moeilik om te weet wat die waarheid is, want elkeen het sy of haar eie waarheid. Maar ons is volgelinge van Hom wat die waarheid is. (Johannes 14:6)

Komons haal ook ons maskers teenoor mekaar af en wees eg. Tweemaal in die Skrifgedeelte word ons opgeroep tot geestelike volwassenheid. In 2 Korintiërs 13:11 sien ons hoe lyk maskerlose geestelike volwassenheid. Dit word sigbaar in ons verhouding met ander mense.

Paulus vermaan die gemeente oor 'n paar dinge en hy roep hulle op om sy vermaning te aanvaar. Ons velle is soms baie dun wanneer iemand ons vermaan. Ons lees in Spreuke 27:6 die volgende waarheid oor teregwyding: "Op 'n vriend wat jou seermaak, kan jy reken; iemand wat jou haat, is oordadig met sy soene.

Mense sonder maskers is werklik eengesind. Ons het iets van hierdie saamstaan gesien in en na die hartseer gebeure van verlede week. Maar waarom moet daar eers 'n krisis wees voor ons saamstaan en vragmotorvragte vol kos vir mekaar aanry? Waarom moet ons eers die wêreldbeker wen, voor ons saam in die strate dans?

Christus, meer as krisisse of sport, bind ons met sy liefde aan mekaar en maak ons een.

Mense sonder maskers leef ook in vrede.

- Ons leef in vrede met medegelowiges.

Nou, meer as ooit het ons mekaar nodig. Eensaamheid is 'n groot deel van die pandemie. Die Britte was in 2018 in 'n wêreldwye peiling die land waarin die meeste mense die eensaamste in die wêreld gevoel het. Verrassend was Suid-Afrika agste eensaamste land. Kom ons groet mekaar weer in die woorde van 2 Korintiërs 12 met 'n soen van Christelike broederskap, of ter wille van elkeen sy eie veiligheid, kom ons groet mekaar hartlik soos wat die vers in die Boodskap vertaal is.

- Ons leef in vrede met die regering en bid vir hulle.

Dit beteken nie dat ons alles goedkeur wat die regering doen nie! Ons moet kritiese vrae vra en antwoorde eis.

In die tyd van die Nuwe Testament was daar net heidense regerings. Baiekeer was die regerings nie die Christene goedgesind nie en soms is Christene tot die dood toe vervolgt. Ons kry nie in die Nuwe Testament veel opdragte oor ons as geestelik volwasse mense se verantwoordelikheid teenoor die regering nie.

Een van opdragte kry ons in 1 Timoteus 2:1-2: "Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbidding en danksegging gebid moet word vir alle mense, vir dié wat

regeer en vir almal wat gesag uitoefen, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid.

- Ons leef in vrede met alle mense, ook ons vyande.

Van die beste riglyne vir ons verhouding met ander mense vind ons in Romeine 12:17-18;

21: "Moenie kwaad met kwaad vergeld nie. Wees goedgesind teenoor alle mense.

As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense.

Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie."

Dit is verspot maklik om die goed te preek, maar dit is nie so maklik om dit te leef nie.

In 2 Korintiërs 13 word ons opgeroep tot 'n oop eerlike verhouding met die Here. Dit is nie nodig, trouens dit is moontlik om voor God 'n masker te dra nie. Jou Skepper ken jou elke grein en vesel.

Ek kom ons hou ons maskers ook voor mekaar af. Kom ons hou op om valse goedgaan "facebook" beelde aan mekaar voor te hou. Kom ons wees eerlik met mekaar, ook as ons kwaad en gefrustreerd is. Kom ons wees saam bang en saam bly, ons huil saam en lag saam. Kom ons praat saam, ons verskil van mekaar en stem saam met mekaar, ons worstel saam opsoek na antwoorde.

Kom ons werk saam om ons land 'n beter plek te maak vir almal wat hier woon.

Kom ons bid saam en ons moedig mekaar aan om al meer soos Christus te wees.

Amen